Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Druk hierdie artikel

Siende in die donker

2011-11-18 22:33

Dis skaars lig, maar die Maandag- oggend-verkeer op Ontdekkersweg, een van die besigste roetes stad toe, is reeds rumoerig.

André Manders kan die motors wat verby swiep, nie sien nie, ook nie die drentelende skoolkinders op die sypaadjie nie. Maar hy kan dit hoor.

Die eerste bus brul net voor 06:00 om die draai by die halte in Witpoortjie buite Krugersdorp.

“Dis nog nie myne nie,” sê André. “Dis die eerste bus, ek vang die tweede bus.”

Dié 50-jarige groet van die wagtende mense om hom vriendelik; maak geselsies. Hy ken al talle van die mense wat die 438-Metrobus daagliks stad toe neem tot by Gandhi-plein.

Die tweede bus stop, en die mense se stemme begin beweeg. André stap saam, en gebruik net sy gidsstok – ’n pienke, nie wit nie – om die ingang van die bus te vind. Hy klim die vier trappies en groet die bestuurder.

Foto: CORNÉL VAN HEERDEN

Foto's · Lesersfoto's · Nuus in Foto's
Stuur vir ons jou foto's · Stuur vir ons jou foto's

André betaal met ’n skyfie waarop geld vooraf gelaai is en wat op die bus geskandeer word en skuifel dan voel-voel na agter. Die bus is nog nie vol nie, en dis maklik om ’n oop sitplek te vind.

Hy is al sedert geboorte blind, vertel André.

“My ma het geelsug gehad terwyl sy swanger was met my, en my retinas is beskadig. Ek kan niks sien nie.”

Destyds was daar landwyd net een skool vir blindes, en hy moes al as sesjarige seuntjie na Worcester gaan, waar hy ook matriek geskryf het.

Hy wou graag ’n fisioterapeut word – ’n kursus wat toe nog nie in Suid-Afrika aangebied is nie. Maar om in Londen te gaan studeer, was nie ’n moontlikheid nie. “My pa het op die spoorweë gewerk en dit was net nie finansieel haalbaar nie.”

André is toe Pretoria toe, waar hy sielkunde deur Unisa studeer het – net om teen die einde van sy tweede jaar te hoor blindes word nie toegelaat om te praktiseer nie. Omdat dit afstands- onderrig was, het sy dosente nie besef hy is blind nie.

“Daar is toe gesê omdat ons nie kan sien nie, kan blindes nie lyftaal lees nie en dat dit belangrik is vir dié beroep.”

Hy dink ’n rukkie lank stil terug. “So toe is dié plan ook van die baan.”

Dié reël is intussen gewysig omdat blindes se ander sintuie en intuïsie dikwels beter is as dié van siendes.

“Ek het daarna by onder meer die skakelbord van die departement van inligting gewerk,” vertel hy wanneer die bus stop en die volgende groep inklim. André sit langs die paadjie en draai sy kop na die ruit – skooltasse van kinders en groot handsakke tref hom maklik.

Dit is lekker om bus te ry, sê hy, maar daar is ook uitdagings. Mense kan ongeskik wees.

“Ek het al dikwels opgeklim, en as ek die bestuurder vra waarheen hy ry, vra hy geïrriteerd: ‘Kan jy nie léés nie?’ ”

Hy gee ’n laggie.

“En dan moet ek eers antwoord dat die teken ongelukkig nie in braille is nie.”

Dit is egter nie met die eerste oogopslag duidelik dat André blind is nie. Hy dra nie ’n donker bril nie en sy stok is pienk eerder as wit. ’n Bewuste keuse, al kan hy nie kleure onderskei nie. “Ek hou nie van stereotipes nie.”

Hy skud sy kop. “As jy vir iemand sou vra om ’n prentjie van ’n blinde mens te teken, is dit gewoonlik iemand met ’n stok en bril. Dalk ’n hond. Maar ons is nie almal dieselfde nie – al wat ons gemeen het, is dat ons nie kan sien nie. Ons doen nie almal dieselfde werk nie en het nie dieselfde stokperdjies nie.”

André het wel baie stokperdjies: “Veral tuinmaak; en kook. Ek maak die lekkerste kos.”

Die bus ry deur Roodepoort. Buite het die Goudstad pers geword van die jakarandas wat blom.

Hoe maak hy tuin as hy die plante nie kan sien nie?

“Ek kan die plante voel, ruik, en leer ken. Ek kan teksture bymekaar pas, en verskillende kruie saam plant.”

Hy is ’n bedrywige sportman – een van die redes waarom hy nog nooit ’n gidshond gehad het nie.

“Dit sal nie regverdig wees teenoor die dier nie. In Pretoria was my woonstel baie klein. En ek gaan gereeld naweke weg, en dan is dit te moeilik om ’n dier saam te neem.”

Mense vra dikwels of hy nie bitter is omdat hy blind is nie; of hy nie reken die lewe skuld hom iets nie.

“En tog is dit ironies genoeg juis my ‘gestremdheid’ wat my soveel wonderlike geleenthede gegee het...”

André was vroeër ’n atleet en het aan naellope, hoogspring en doelbal, ’n balsport vir blindes, deelgeneem. Hy was in Spanje om aan atletiek deel te neem en in Duitsland vir doelbal.
Hy was ook ’n lid van die Suid-Afrikaanse krieketspan vir blindes, vir wie hy in 1999 aan die Wêreldbeker-toernooi vir blindes in Indië deelgeneem het.

“Ek sou dít alles nie nood- wendig kon ervaar as ek kon sien nie.”

Die bus ry verby die Universiteit van Johannesburg in Aucklandpark en draai dan oor die Nelson Mandela-brug en in die middestad se koers. “Ek weet heeltyd min of meer presies waar ons is. Nadat jy ’n paar keer bus gery het, leer ken ’n mens maar die stopplekke, en ek weet wanneer die bus draai en hoe lank dit in elke straat ry.”

Hy het soms geselskap in die bus, soms nie. “Mense tree verskillend op. Party is bang, ander skrikkerig, sommige is nuuskierig.”

Om siende mense bewus te maak van die leefwêreld van blindes, was iets wat hy gedoen het in sy pos as skakelbeampte by die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, ’n pos wat hy tot vier maande gelede beklee het. Dit was juis daar waar hy gehoor het dat Dialogue in the Dark in Suid-Afrika aangebied gaan word. Dié program bied ’n unieke ervaring waar rolle omgeruil word en blindes die gidse word vir dié wat kan sien. Dit word tans vir die eerste keer in Afrika, by die SciBono-sentrum in Johannesburg, aangebied. André het aansoek gedoen vir die pos as gidshoof, en het voor die opening gehelp om ander blindes as gidse op te lei.

“Ons is nou naby Gandhi-plein,” sê hy toe die bus twee keer kort ná mekaar links draai. Hy druk ’n knoppie op sy armhorlosie en ’n monotone stem, soos dié op ’n GPS, biep: “Half. Past. Seven.”

Die mense spring op, druk-druk om by die bus uit te kom. Dis spitstyd.

André wag tot laaste, stap dan uit. Busse ry heen en weer verby. Die lug is gevul met die reuk van uitlaatgas, koffie van die McDonald’s op die hoek en die speserye wat straatverkopers smous.

Party mense kyk nuuskierig na die man met die kierie wat voel-voel sy weg uit die bus vind. Hy wag totdat dit stil is en stap dan oor die straat.

Hy is op pad na Jeppestraat, van waar hy ’n taxi sal neem om die laaste paar kilometer tot in Newtown af te lê. Dit is hier waar die SciBono-sentrum is.

Dié stukkie van die tog is moeilik, sê hy, want die middestad lyk nooit dieselfde nie. Die informele stalletjies is elke dag op ’n ander plek. Mense mors op die sypaadjies. Asblikke wat omgeval het, word nie sommer opgetel nie.

Met die kierie kan hy sy weg vind, maar dit beskerm nie sy lyf nie. “Hier êrens voor is ’n bord waarteen ek my kop al ’n paar keer moer toe gestamp het,” sê hy.

En ’n maand gelede was daar een dag skielik ’n gat in die pad waarteen mense hom nie kon waarsku nie. “Ek het binne-in geval, seergekry. Mense moes my uithelp,” sê hy. “Maar wat, dit gebeur maar, wat kan ’n mens doen.”

Hy stop by ’n verkeerslig en wag dat dit groen word. “In dié opsig maak die verkeer my pad eintlik makliker. Ek kan luister wanneer motors en busse ry en stop, dan weet ek wanneer ék ook kan stap.”

Op die hoek van Jeppe gaan staan hy op die rand van die sypaadjie en lig sy hand – vyf vingers ondertoe om te wys hy wil straat-af. ’n Paar taxi’s jaag verby.

Eindelik stop een ’n paar tree verder in die straat. André stap tot by die deur, vra of die bestuurder by Newtown sal stop en klim dan in.

Sy mede-passasiers slaan min ag – twee praat oor werk en die meeste ander luister musiek of tik op hul selfone. André haal solank sy geld uit, voel aan die munte en tel R8 af.

Hy praat ’n paar woorde Zoeloe met die bestuurder. André het dié taal amper vlot leer praat toe hy ’n ruk lank in Newcastle by Eskom gewerk het. “Ek het gedraf saam met van my mede-werkers en so by hulle Zoeloe geleer.”

Die taxi stop en André klim uit. Daar lê fyn klippe op die sypaadjie en hy struikel amper, maar stap dan die laaste paar honderd meter na die SciBono-sentrum.

Hy is vanoggend die eerste van die gidse wat inklok by Dialogue in The Dark – die groep wat hy eerste sal lei, sal oor ’n uur hier wees.

Elkeen van dié mense sal ook 'n gidsstok kry, en André sal hulle in 'n donker vertrek ontmoet. Die deelnemers leer ken hul gids net deur sy stem en aanraking, en sien hom of haar eers wanneer hulle klaar is.

Van die gidse is al sedert geboorte blind, ander nie. Een van André se kollegas was 'n taxi-bestuurder wat sy sig verloor het nadat hy tydens bendegeweld geskiet is.

Die deelnemers aan die program leer hoe dit voel om blind te wees – al is dit dan ook net vir minder as 'n uur.

En die mense se reaksie is wonderlik, sê André. "Hulle leer om nie jammer te voel vir ons nie, maar is eerder beïndruk deur ons vaardighede en hoe ons ons ander sintuie gebruik."

Dít is juis wat hy wil vermag met sy werk hier. "Ek wil hê mense wat kan sien, moet besef ons blindes kan alles doen wat hulle doen.

"Ons doen dit net op 'n ander manier."